**HILLCREST HIGH SCHOOL**

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

**JUNIE 2016**

**EKSAMEN**

**GRAAD 11**

**PUNTE : 80**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING.**

1. **Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.**

| | |
|---|---|
| **Afdeling A : Leesbegrip** | **(30)** |
| **Afdeling B : Opsomming** | **(10)** |
| **Afdeling C : Taal** | **(40)** |

2. **Lees die instruksies baie goed.**
3. **Beantwoord AL die vrae**
4. **Begin elke afdeling op 'n skoon bladsy.**
5. **Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad.**
   **Mev.Jordaan, Middleton, Meiring, Bothma, Gilbert, Haluman, Mej.Juguth**
6. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.**
7. **Spelling en sinskonstruksie is belangrik.**
8. **Skryf netjies en leesbaar.**

**Teks A: 10 Toerisme aantreklikhede in Suid-Afrika.**

## 1. Kaapstad en die Kaapse skiereiland

Kaapstad en die Kaapse skiereiland tot by Kaappunt is bekend vir die wondermooi uitsigte, strande, Tafelberg, walvis-kyk, wêreldklas winkelsentrums, naglewe, kos, wyn en ŉ rustige atmosfeer. Van die bekendste strande is: Kampsbaai, waar almal wat gesien wil word, saamtrek, Clifton – die plek waar die mense hul vietse lywe en sjoe-sjoe abdominale spiere vertoon, uithang, Llandudno met sy spierwit sand en perfekte branders wat die meer sportiewe mense uitlok en natuurlik Bloubergstrand, waarvandaan die ikoniese foto van Tafelberg gereeld geneem word, maar waar die wind ook lekker sterk waai vir diegene wat met vlieërs die see en lug harnas om pret te hê.

## 2. Die Wynroete

Ontdek die genot van Suid-Afrikaanse bekroonde wyne en kos terwyl jy die wêreldberoemde Kaapse wynroetes verken. Jy sal deur groen valleie en pragtige historiese dorpies soos Franschhoek, Stellenbosch en Paarl wandel. Van ons bekende wynlandgoed is: Boschendal, Nederberg, Spier en Blaawklippen.

## 3. Die Tuinroete

Ook bekend as Suid-Afrika se tuin van Eden, dek die asemrowende tuinroete ŉ area ryk in natuurskoon, pragtige uitsigte en sjarme. Die roete neem jou kuslangs deur prag-dorpies soos Plettenbergbaai, Nature's Valley, Knysna, Mosselbaai en George, die streek se grootste stad en administratiewe hoof. Jy sal verby strandmere en beeldskone strande ry. Die tuinroete lok avontuur-soekers en buitelewe entoesiaste. Hier kan jy van die Storms Rivier Brug af rekspring en oor die Bloukransberge sweef. Die brug is 216m hoog, maar jy hoef jou nie te bekommer nie, jy sal nie tot heel onder spring nie, die sprong is net 160 m. As jy aanlyn bespreek, kos dit R850.00 per persoon of R890.00 as jy op die perseel bespreek. Ander interessante plekke om te besoek terwyl jy in die omgewing is, is die Addo Olifantpark en die Tsitsikama woud. Jy sal inheemse fynbos en 300 voëlspesies kan besigtig.

## 4. Die Kruger Wildtuin

Hierdie wêreldbekende wildtuin van ongeveer 2 miljoen hektaar word gekenmerk deur 16 ekosisteme. Soek die Groot Vyf tussen die goue gras en bosveld. Hier kan jy oornag in een van die ruskampe. Gerieflike akkomodasie is deur Sanparke beskikbaar of jy kan in een van die luukse oorde bly waar jy ŉ 4X4 wildrit kan ervaar waar jou gids julle so na as moontlik aan die diere sal kry en julle daarna sal neem vir skemerkelkies by ŉ watergat waar die diere teen sonsondergang kom drink – ŉ geleentheid om ŉ paar foto's te neem.

## 5. Durban se strandfront.

Vir die van julle wat sonskyn en pret in gedagte het, het Suid-Afrika se sonskyn stad iets vir die hele familie – goue strande, branderplankry en die Ushaka akwarium en pretpark.

## 6. Robbeneiland

Die eiland se bekendste gevangene, Nelson Mandela, het hierdie inrigting van wreedheid in ŉ simbool van oorwinning oor enorme teenspoed verander. Nelson Mandela het 18 van sy 27 jaar in aanhouding op Robbeneiland deurgebring. Op die eiland word toere deur voormalige gevangenes aangebied. Dit bied ŉ ware insig tot die eiland se geskiedenis en persoonlike vertellings van tronklewe. Die toer sluit ŉ besoek aan meneer Mandela se sel in. ŉ Bus neem besoekers na die steengroef waar hy en sy mede gevangenes harde arbeid moes doen.

ŉ Besoek aan Robbeneiland is werklik aangrypend.

## 7. Soweto

Suid-Afrika se grootste en bekendste 'township' / woongebied wat gedurende die Apartheidsjare die tuiste van die anti-apartheid beweging was. Vandag woon 3.5 miljoen mense in die woonbuurt Besoek die Apartheidsmuseum en eet lekker shis'nyama by ŉ tradisionele shebeen in die bekende Vilikazistraat, waar lekker kos en goeie musiek gedeel word. Hier kan jy die hele 'township'-gees geniet. Jy kan verby die massiewe Chris Hani Baragwanath hospitaal of Biskop Desmond Tutu se huis ry.

## 8. Die Drakensberge

Die hemelse natuurskoon van die Sentrale Drakensberge is waar die meeste besienswaardighede voorkom. Champagne Castle, Cathedral Peak, die majestueuse Amfiteater by Royal Natal Nasionale Park, Injisuthi en Giants Castle is net 'n paar van die plekke wat jy m□ét besoek. Jy sal nooit verveeld wees met die verskeidenheid staproetes, restaurante en prettige doendinge op jou voorstoep nie! Die vallei bied geleenthede vir gholfspeel, voëlkyk, besoek aan 'n valkskou en vertonings deur die Drakensberg Seunskoor. Daar is ander opwindende dinge om te doen soos: begeleide perdryroetes, bergklim en 'n opwindende zipline-toer deur die digte blaredak van die inheemse bome wat teen die berg se pragtige kranse groei.

## 9. Die Wilde Kus

Die Wilde Kus aan die ooste van Suid-Afrika bied ongerepte strande van die Indiese Oseaan.

Besoekers kan die natuurskoon te voet of te perd verken. Ander opsies is 4X4 voertuie. Daar is heelwat aktiwiteite waaraan besoekers kan deelneem, soos, visvang, snorkel of duik ekspedisies. Jy kan die dolfyne bekyk, gholf speel, dobbel, of die ryk geskiedenis van die Xhosa mense ontdek. Dan is daar ook die onvergeetlike Hole in the Wall. Daar is gemaklike familie hotelle om van te kies as dit kom by verblyf.

## 10 Johannesburg – plek van goud

Johannesburg is die grootste sake en woongebied van Suid-Afrika, met ʼn oppervlak van 1645 vierkante kilometer en 4 434 827 inwoners (2011).

Danksy die internasionale lughawe, is dit die aankoms en vertrekpunt vir ʼn groot aantal toeriste en sakepersone uit die buiteland.

Besoekers uit die buiteland spandeer jaarliks sowat 1,5 miljard VSA-dollar in Johannesburgse winkelsentrums. Die mees besoekte besienswaadighede sluit in: Die Apatheidsmuseum, Gold Reef City, Johnnesburgse Botaniese Tuin en die Sterkfonteingrotte.

Sun City is ook net 196km vanaf Johannesburg.

---

1.1. Haal EEN woord uit paragraaf 1 aan wat aandui dat die foto van Tafelberg wat van Bloubergstrand geneem word, baie bekend is. (1)

1.2.Haal ʼn sinsnede van 6 opeenvolgende woorde aan wat aandui **wat** die besoekers aan Cliftonstrand wil vertoon. (1)

1.3.Watter TWEE natuurelemente gebruik die vlieër branderryers om op die branders en in die lug te sweef? (½ x 2 =1)

1.4.Hoe weet ons dat die Suid-Afrikaanse wynroete nie net deur ons eie mense verken word nie? (1)

1.5.Rangskik die 4 wynlandgoede wat in paragraaf 2 genoem word in alfabetiese volgorde. (2)

1.6.Hoe staan die dorp van George uit bo die ander dorpe langs die tuinroete.

Noem twee feite. (2)

1.7. Verwys na paragraaf 3.

Voëlliefhebbers sal die Tuinroete geniet as vakansiebestemming.
Verduidelik waarom die bogenoemde stelling waar is. (1)

1.8. Kies die antwoord wat die sin KORREK voltooi. Skryf net die vraagnommer (1.8.) en die LETTER (A-D) neer, byvoorbeeld 1.8. E.

Die rede waarom dit goedkoper is om aanlyn te bespreek vir die rekspring van die Storms Rivier brug af is, omdat:

A dit papier spaar
B dit goedkoper is
C dit moeiliker is
D dit moeite spaar (1)

1.9. Noem 2 dinge wat besoekers in die Tsitsikamma woud sal kan sien (dink self). (1)

1.10. Noem een dier wat die Groot Vyf opmaak. (1)

1.11. Verwys na paragraaf 4.

Watter tipe akkomodasie, dink jy, is goedkoper in die Kruger Wildtuin ? (1)

1.12. Verwys na paragraaf 5.

Watter toeriste is die teikengroep vir vakansies in Durban? (1)

1.13. Verwys na paragraaf 6.

Nelson Mandela het nie toegelaat dat sy moeilike omstandighede op Robbeneiland sy uitkyk op die lewe negatief beïnvloed nie.

1.13.1. Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
1.13.2. Haal aan om jou antwoord te motiveer. (1)

1.14. Hoekom het die toergidse op Robbeneiland ŉ dieper insig? (1)

1.15. Wat word tradisionele kos, wat jy in Soweto kan eet, genoem? (1)

1.16. Watter vryheids organisasie het destyds uit Soweto gewerk. Haal 2 opeenvolgende woorde aan. (1)

1.17. Waarom, dink jy, word die perdryroetes in die Drakensberg begelei, en mag jy nie op jou eie gaan perdry nie? (1)

1.18. Noem twee adrenalien aktiwiteite wat in die teks genoem word. (½ x 2 =1)


1.19. Waar sal jy gaan vakansie hou as jy:
1.19.1. belangstel in geskiedenis? (½)
1.19.2. daarvan hou om in groot komplekse inkopies te doen? (½)

1.20. Waarom sal iemand wat van koormusiek hou, die Drakensberg besoek? (1)

**(23)**

**Teks B. Toerisme in Suid-Afrika groei.**

Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.




**Woordeskat**

| | | | |
|---|---|---|---|
| ondanks | despite | swak | weak |
| wêreldekonomie | world economy | omstrede | contentious |
| visumreëls | visa regulations | getal | number |
| gestyg | risen | verandering | change |

1.21. In 2015 het minder toeriste van VIER lande Suid-Afrika besoek as in 2014.

Skryf die name van die vier lande neer. (½ X4=2)

1.22. Kyk na die boonste gedeelte van die grafiek, na die jaar-tot-jaar % verandering. Watter **simbool** word gebruik om vir ons te wys dat die getalle van die vier lande hierbo minder geword het? (1)

1.23. Van watter land kom die meeste oorsese toeriste wat Suid-Afrika besoek? (1)

1.24. Ons skool, Hillcrest High School bied 'n derde taal as 8ste vak aan. Gee die naam van die land waarvandaan die taal afkomstig is. (1)

1.25. Noem een land wat op die Asiëse kontinent te vinde is. (1)

1.26. Watter van die elf lande wat op die grafiek verskyn, het in 2015 die meeste toerisme groei na Suid-Afrika getoon? (1)

**(7)**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**Afdeling B: Opsomming**

**Vraag 2**

**INSTRUKSIES**

1. Som die artikel in 7 hoofgedagtes op.
2. Skryf die hoofpunte PUNTSGEWYS neer.
3. Nommer die punte van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

Die voordele en nadele van digitale tegnologie in die klaskamer

Rekenaars en mobiele toestelle laat die leerders toe om by die huis aan te gaan met hulle studies. Die leerproses hoef dus nie eers die volgende periode aan te gaan nie.

Nuwe tegnologie maak dit moontlik vir individuele leerders om teen hulle eie spoed te leer. As kinders agter raak, kan hulle by die huis inhaal.

Nog ŉ voordeel is dat inligting op so ŉ verskeidenheid maniere, byvoorbeeld, visuele, mondelings, in verskillende kleure, ensovoorts aangebied kan word, dat enige tipe leerder die werk sal kan verstaan.

Die internet en ander vorms van tegnologie gee vir die leerders ŉ rykdom van kennis. Leerders en onderwysers kan so maklik en gou hope inligting verkry.

Daar is mense wat sê dat moderne kinders nie basiese kennis en leestegnieke aanleer nie, en dat dit ŉ negatiewe impak op hulle lewens het.

Baie van die nuwe tegnologie is ontwerp vir onafhanklike werk, daar is dus bekommernisse dat kinders minder sosialiseer.

Deskundiges sê ook dat leerlinge van die laer-inkomste gesinne sal sukkel om by te bly as gevolg van die duur tegnologie.

**(10)**

---

**Afdeling C: TAAL**

**VRAAG 3 ADVERTENSIE**

**TEKS C**

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Opsetlike taalfoute kom voor

**Blaai asseblief om**

# Kaapstad...




**Kom geniet die prag-strande, branders, avontuur, smul-lekker kos en wyn wat ons stad aanbied.**





**Al wat ons vermis is...**
**JY!**










**Dink jy daaraan om die Kaap _**(3.6)**__besoek?**
**Kontak ons vir lyste van inspirerende dinge om te doen terwyl jy hier is. Ons kan jou na plekke toe stuur waar jy unieke ondervindings sal h□ en waar die plaaslike inwoners uithang.**

**Besoek ons:** **www.kaapstad@hallo.co.za**
**Kontak ons:** **hallo@kaaptoerisme.co.za**
**021 7555 321**

3.1. Wie / Wat word hier geadverteer? (1)

3.2. Kies die korrekte antwooord en skryf net die vraagnommer (3.2) en die LETTER neer. Byvoorbeeld 3.2 E.

Die teikengroep van hierdie advertensie is:

A. Ryk oorsese toeriste
B. Arm Suid-Afrikaanse toeriste
C. Toeriste wat dit oorweeg om Kaapstad te besoek
D. Toeriste wat dit oorweeg om Suid-Afrika te besoek. (1)

3.3. Noem drie tipes LEESTEKENS wat in hierdie advertensie gebruik word. (3)

3.4. Hoe weet ons dat die woord jy aan die einde van die sin:
"Al wat ons vermis is JY, beklemtoon word? (1)

3.5. Haal 1 woord aan wat vir die leser aandui dat Kaapstad nie net een mooi strand het nie. (1)

3.6. Voltooi die INFINITIEWE SIN deur die korrekte woord in te vul. Skryf net die nommer en die woord neer.

Dink jy daaraan om Kaapstad _____ besoek? (1)

3.7. Kyk weer na die grapprentjie van die glimlaggende gesig.

3.7.1. Wat noem ons die item wat die man dra om sy oë teen die son te beskerm?
Die woord begin met 'n: s......... en het 7 letters. (1)

3.7.2. Wat noem ons die harige liggaamsdeel wat bo die man se oë sit? (1)

**(10)**

**<u>VRAAG 4: ARTIKEL</u>**
**TEKS D**

- Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande artikel gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.

## <u>Stapper sterf op berg</u>



Die polisie het die liggaam van 'n stapper op tafelberg gekry. Dit het gebeur toe hulle na 'n groep (stapper) gaan soek het wat in die (mooilikheid/moeilikheid) beland het. Kaptein André Truter van die SAPS sê dat die manne die liggaam vroegoggend gevind het. Hulle het verder gesoek en 'n halfuur later is die ander twee stappers gefind. <u>Die polisie het gehelp die twee stappers</u> om in die koue en mistige weer by die berg aftekom. Albei hierdie stappers was amper dood van die koue. Hulle is in 'n ernstige toestand <u>op</u> die hospitaal opgeneem. Daar was twaalf mense in die groep (wie/wat) gaan stap het. Nege lede van die groep stappers het op hul eie onder gekom. die drie stappers wat agter gestap het het die groep in digte mis verloor en verdwaal

4.1. Skryf die woord in reël 1 wat nie met die korrekte **<u>leesteken</u>** geskryf is nie, korrek oor. (1)

4.2. Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies in reël 2. (1)

4.3. Kies die korrekte vorm van die woord tussen hakies in reël 3. Skryf net die woord neer. (1)

4.4. Verbeter die **<u>spelfout</u>** in reël 5. Skryf net die woord neer. (1)

4.5. Skryf die onderstreepte gedeelte in reël 6 oor en verbeter die **<u>woordorde.</u>** (1)

4.6. Verbeter die **<u>spelling</u>** van die verkeerd gespelde woord in reël 7. (1)

4.7. Gee die korrekte **<u>voorsetsel</u>** vir die onderstreepte woord in reël 9. (1)

4.8. Kies die korrekte **<u>betreklike voornaamwoord</u>** in reël 10 tussen hakies wat die sin voltooi. (1)

4.9. Skryf reëls 12 en 13 oor, vul die nodige **<u>leestekens</u>** in. (2)

**(10)**

## <u>VRAAG 5: STROKIESPRENT</u>

**TEKS E**

- Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande strokiesprent gebaseer.

5.1. **Stel die vraag** sodat die onderstreepte gedeelte die antwoord is.

5.1.1. Die Gr.11 leeders moes ’n projek <u>oor insekte en reptiele van Suid-Afrika</u> doen. (1)

5.1.2. <u>Rachel</u> het haar projek oor skoenlappers gedoen. (1)

5.2. Skryf die volgende sinne oor in die **verlede tyd.**

5.2.1. Pieter sit en doen sy projek in die studeerkamer**.** (1)

5.2.2. Die onderwyser hardloop so vinnig as moontlik by die klaskamer uit. (1)

5.3. Skryf die volgende sinne oor in die **toekomende tyd.**

5.3.1. Die leerders moet hulle projekte onmiddellik inhandig. (1)

5.3.2. Rachel het die beste punte vir haar projek oor skoenlappers. (1)

5.4. Skryf die volgende sinne oor in die **ontkennende vorm.**

5.4.1. Is die projekte betyds ingehandig? Nee,... (1)

5.4.2. Meneer Smit het die projekte alreeds nagesien. (1)

5.4.3. Bring slange skool toe! (1)

5.5. Verbind die volgende sinne met die **voegwoord** tussen hakies.

5.5.1. Die ander twee leerders het skadelose insekte gekies. Dennis het gevaarlike slange gekies. (terwyl) (1)

5.5.2. Meneer Smit is doodbang vir slange. Hy het weggehardloop toe hy Dennis se projek gesien het. **Begin met: Aangesien ...** (1)

5.6. Skryf die volgende sinne oor in die **indirekte rede.**

5.6.1. Pieter sê vir meneer Smit: "My projek is oor insekte van Suid-Afrika." Begin so: Pieter sê vir meneer Smit... (1)

5.6.2. Dennis vra: "Is Meneer bang vir slange?" (1)

5.7. Skryf die volgende sinne oor in die **lydende vorm.**

5.7.1. Die Gr.11 leerders het gister <u>hulle projekte</u> ingehandig. (1)

5.7.2. Meneer Smit sal daardie slang projek altyd onthou. (1)

5.7.3. Meneer Smit sien die klastoetse na. (1)

5.8. Skryf die volgende sinne oor, maar **begin soos aangedui**.

5.8.1. Dennis moet meneer Smit waarsku.
Dennis behoort ... (1)

5.8.2. Pieter behoort sy projek oor skoenlappers van Suid-Afrika te doen.
Pieter hoef ... (1)

5.9. Kies die korrekte **betreklike voornaamwoord** tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die woord neer.

5.9.1. Dennis is die moeilike seun (wie / wat) al die onderwysers by die skool kwaad maak. (1)

5.9.2. Slange is die diere (vir wat / waarvoor) Meneer Smit die bangste is. (1)

**(20)**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOTTOAAL: 80**